# Lees en kyk

Naam:

**Lees die volgende inligtingsteks en beantwoord dan die vrae.**

## Die laaste reis van die HMS Guardian

Teen die aand, op 25 Desember, het die water in die skeepsruim tot 7 voet gestyg. Die skip het heen en weer gerol en water het oor die kante van die skip gestroom. Riou het beveel dat die voorraad op die skip saam met die gewere en vee oorboord gegooi moes word om die skip ligter te maak. Riou is beseer toe sy hand gebreek is deur ʼn vaatjie, terwyl hy probeer het om die broodkamer skoon te maak. Teen die oggend het die skip se agterdeel begin sink en ʼn stormwind het al die seile geskeur. Die bemanning, saam met die gevangenes, het versoek dat hulle toegelaat moet word om op die reddingsbote te klim. Riou het ingestem alhoewel hy geweet het dat daar nie genoeg plek vir almal op die reddingsbote was nie. Riou het besluit om op die skip agter te bly en sy bes te doen terwyl hy nog in staat was om dit te doen.

Terwyl die reddingsbote voorberei is om te vertrek, het Riou ʼn brief aan die Sekretaris van die Admiraliteit geskryf:

> Meneer,
> Indien enige van die offisiere of die bemanning van die Guardian ooit oorleef en weer tuis kom, wil ek net onder u aandag bring dat hul gedrag ná die tragedie bewonderingswaardig was en dat hulle hul pligte in die diens van Sy Majesteit tot die beste van hul vermoë uitgevoer het.
>
> Omdat daar geen moontlikheid is dat ek die volgende paar ure sal oorleef nie, wil ek die Admiraal ʼn groot guns vra om asseblief toe te sien dat daar omgesien word na my suster sowel as my weduweemoeder wat van my afhanklik is.
>
> Meneer, ek vra dit met die grootste respek aan u.
> U ewige eerbiedige en nederige dienaar
> E. Riou

© e-classroom

Riou het die brief aan mnr. Clement gegee. Mnr. Clement is in beheer geplaas van die tewaterlating van die reddingsbote. ŉ Totaal van 259 mense het gekies om saam met die reddingsbote te gaan. Riou, saam met twee en sestig mense, hyself, drie seekadette, insluitende Thomas Pitt, die chirurg se maat, die bootsman, ŉ timmerman, drie superintendente van die gevangenes, ŉ dogter van een van die superintendente, dertig seelui en seuns sowel as een en twintig gevangenes, het op die skip agtergebly. Die Guardian het vinnig gesink en daar was nou ten minste 16 voet water in die skeepsruim. ŉ Gestamp en ŉ geraas op die dek het almal se aandag getrek, en ná ondersoek is gevind dat ŉ aantal vate wat in die skeepsruim losgekom het onder die laer geweerdek vasgevang is. Riou het besef dat die vate ekstra dryfvermoë aan die skip verskaf. Riou het die geweerdek laat verseël en kalk. Hy het ŉ seil onder die romp geplaas om die oorstroming te beheer. Dit het as ŉ plaasvervangerromp gedien. Riou het met die bietjie seil tot sy beskikking die lang reis terug na die land aangedurf, met die pompe voortdurend beman om die water uit die skeepsruim te pomp.

Vir nege weke het Riou en sy oorblywende bemanning die Guardian, nou net bietjie meer as ŉ vlot, oor die 400 myl na die Kaap die Goeie Hoop laat vaar. Op 21 Februarie 1790 het hulle Die Kaap van Goeie Hoop opgemerk en walvisjagters is gestuur om die gehawende skip na veiligheid te lei. Op 15 Maart stuur Riou ŉ brief vanaf Tafelbaai wat sy voorneme uiteensit om te probeer om Saldanhabaai te bereik. Hy wou naby aan die kus gaan om te probeer om so veel as moontlik van die vaartuig en vrag te bewaar. Die brief het ook ŉ lys bevat met die name van die 61 mans en een vrou aan boord van die Guardian. ŉ Stormsterkte wind het egter die Guardian op 12 April op die strand uitgespoel.

Die wrak is op 17 Februarie 1791 verkoop.

**Beantwoord die begripsvrae in volsinne, waar nodig.**

1. Dink jy dat die verhaal van die begin af vertel word? Gee ŉ rede vir jou antwoord.

   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________

2. Aan wie het Riou ŉ brief geskryf en wat is die belangrikste inligting wat hy in die brief wou oordra?

   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________
   ____________________________________________________________

3. Wie was die persoon wat in beheer van die reddingsbote geplaas is?

4. Hoeveel mense het gekies om saam met die reddingsbote te gaan?

5. Hoeveel mense het op die Guardian agtergebly?

6. Hoekom wou Riou Saldanhabaai bereik?


7. Wat was in die skeepsruim vasgevang wat die mense gehelp het?

8. Hoe lank het dit hulle geneem om met die gehawende skip na die Kaap van Goeie Hoop te vaar?

9. Wie is gestuur om die skip na veiligheid te lei?

10. Kyk mooi na die datums in die verhaal en teken ŉ tydlyn (sien voorbeeld hier onder). Skryf ŉ kort sin by elke datum om te vertel wat gebeur het.

Tydlyn - ______________________________



© e-classroom

# Antwoorde

**Beantwoord die begripsvrae in volsinne, waar nodig.**

1. Dink jy dat die verhaal van die begin af vertel word? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
   ***Nee, want die storie vertel nie waar die skip vandaan gekom het of hoe dit in die moeilikheid beland het nie. (Leerders se antwoorde sal van mekaar verskil.)***

2. Aan wie het Riou ŉ brief geskryf en wat is die belangrikste inligting wat hy in die brief wou oordra?
   ***Hy het die brief gerig aan die Sekretaris van die Admiraliteit. Hy het gevra dat daar ná sy dood na sy suster en moeder omgesien word.***

3. Wie was die persoon wat in beheer van die reddingsbote geplaas is?
   ***Mnr. Clement was in beheer van die reddingsbote.***

4. Hoeveel mense het gekies om saam met die reddingsbote te gaan?
   ***259 mense***

5. Hoeveel mense het op die Guardian agtergebly?
   ***63 mense: die kaptein, 61 mans en 1 vrou.***

6. Hoekom wou Riou Saldanhabaai bereik?
   ***Hy wou naby aan die kus gaan om te probeer om so veel as moontlik van die vaartuig en vrag te bewaar.***

7. Wat was in die skeepsruim vasgevang wat die mense gehelp het?
   ***Daar was vate in die skeepsruim vasgevang.***

8. Hoe lank het dit hulle geneem om met die gehawende skip na die Kaap van Goeie Hoop te vaar?
   ***Dit het hulle nege weke geneem (ongeveer 63 dae).***

9. Wie is gestuur om die skip na veiligheid te lei?
   ***Walvisjagters is gestuur om die skip na veiligheid te lei.***

10. Kyk mooi na die datums in die verhaal en teken ŉ tydlyn (sien voorbeeld hier onder). Skryf ŉ kort sin by elke datum om te vertel wat gebeur het.

Tydlyn - ***<u>die laaster reis van die HMS Guardian</u>***

| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Water het tot 7 voet gestyg in die skeepsruim.*** | ***Die skip bereik die veiligheid van die hawe.*** | ***Die skip spoel op die stand uit.*** | ***Die wrak van die Guardian is verkoop.*** |
| ↓ | ↓ | ↓ | ↓ |
| ***25/12/1789*** | ***21/2/1790*** | ***12/4/1790*** | ***17/2/1791*** |

Die leerders se antwoorde sal van mekaar verskil. Let op korrekte gebruik van punktuasie en leestekens.

© e-classroom